MEDIA24 SE KODE VIR SAKE-ETIEK EN-GEDRAG

Vir hersiening by Maart/April 2021 vergaderings

Inleiding

Die direksie van Media24 Beherend Eiendoms Beperk en Media24 Eiendoms Beperk (Media24) is daarvoor verantwoordelik om die toon van bo aan te gee deur ons waardes te formuleer en te verseker dat etiese besigheidstandaarde, soos in hierdie kode vervat word, met die groep se strategieë en bedrywighede geïntegreer word.

Die direksie onderskryf hierdie kode en het Media24 gelas om die inhoud van die kode aan interne belanghebbendes asook aan relevante eksterne belanghebbendes te kommunikeer. Die direksie het die verantwoordelikheid vir die gereelde hersiening van die kode en ’n etiek-kommunikasieplan aan die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee van die direksie gedelegeer. Die direksie monitor die doeltreffendheid van die kode en die nakoming daarvan, soos daaraan voldoen word deur hulself asook deur die werknemers van Media24.

Dit is Media24 se beleid om sy saketransaksies op grond van nakoming van toepaslike wetgewing en behoorlike agting vir etiese sakepraktyke te bedryf. Die groep se sukses in die markte waarin hy bedrywig is, word op integriteit in sy sakebedrywighede gebou. Ons streef daarna om situasies te voorkom wat hierdie beginsels in ons omgang met klante, verskaffers, die regering en ander sakevennote kan benadeel.

Hierdie kode sit die standaarde vir sakegedrag in die hele groep uiteen en word deur ’n wye reeks groepsbeleide ondersteun.

Vir die doeleindes van hierdie kode sal die “kontakpersoon vir die Kode vir Sake-etiek” vir direkteure, uitvoerende bestuur en werknemers verskil. In die geval van direkteure en uitvoerende bestuur sal die “kontakpersoon vir die Kode vir Sake-etiek” die groepmaatskappysekretaris wees, en in die geval van alle ander werknemers sal die “kontakpersoon vir die Kode vir Sake-etiek” deur die bestuur van die werknemer se individuele bedryfsmaatskappy bepaal word.

Woorde en uitdrukkings met hoofletters in hierdie kode het die betekenisse wat aan hulle toegeken is in die afdeling "Omskrywings” aan die einde van hierdie kode.

Hierdie kode is op Media24 se webwerf beskikbaar.

Hierdie dokument is ’n vertaling van die amptelike Engelse weergawe soos goedgekeur deur die Media24-direksies by die Maart/April 2021-vergaderings.

Omvang en toepassing van kode

Hierdie kode geld vir alle Media24-afdelings, sake-eenhede en filiale wat in meerderheidsbesit of -beheer is (dit wil sê 'n maatskappy waarin Media24 'n aandeelhouding van meer as 50% het, hetsy direk of indirek) en is van toepassing op die groep se interne belanghebbendes, naamlik sy direksie, die direksies van sy filiale en die groep se tydelike sowel as vaste werknemers.

Die direksie verseker en monitor dat 'n kultuur van sake-etiek en -gedrag wat op langtermyn-waardeskepping gemik is, bevorder word om die groep se aktiwiteite as 'n verantwoordelike korporatiewe burger te ondersteun. Dit sluit in die aanvaarding van waardes en hierdie kode, leiding deur voorbeeld, die implementering wat gemonitor word en die onthulling van nodige openbaarmakings. In hierdie verband neem die direksie die toepaslike aanbevelings van King IV in ag.

Die werkplek
Billike indiensneming

Media24 weet dat sy werknemers, met hul verskillende talente en standpunte, tot sy sukses bydra deur nuwe besigheidsgeleenthede te skep en uit te voer. Daarom streef ons ’n werkplek na waar spanwerk en onderlinge vertroue bevorder word en waar werknemers met waardigheid en respek behandel word. Met die oog hierop verwag Media24 van alle direkteure en werknemers om regverdig en eerlik op te tree in hul skakeling met kollegas en sakevennote en om aan die volgende beginsels te voldoen:

- Om eerlik en nougeset in hul benadering tot en uitvoering van hul werk te wees.
- Om verhoudings of belange te vermy wat, hetsy direk of indirek, hul vermoë om met integriteit en objektiwiteit op te tree, negatief kan beïnvloed of verswak.
- Om kliënte, klante, kollegas, mededingers en derde partye met waardigheid, integriteit en respek te behandel en hoflik te kommunikeer.
- Om ’n hoë standaard van sake-etiek in alle kommersiële bedrywighede te handhaaf.
- Om wette, regulasies en die groep se reëls oor oneerlikheid, korrupsie en/of verbreking van die direkteur of werknemer se plig van goeder trou teenoor die groep na te kom.
- Om die diversiteit van mense te respekteer en viktimisasie, teistering, afknouery of ander mishandeling van direkteure en medewerknemers, hetsy op grond van geslag, klas, ras, geloof, kleur, seksuele oriëntasie, huweliks- of gesinstatus, ouderdom, nasionaliteit, assosiasie of gestremdheid of enige ander redes, te vermy.

Hierdie dokument is ’n vertaling van die amptelike Engelse weergawe soos goedgekeur deur die Media24-direksies by die Maart/April 2021-vergaderings.

Gesondheid en veiligheid

Die groep het ten doel om aan werknemers en direkteure ’n veilige en gesonde werksomgewing te verskaf. Met hierdie doel voor oë moet werknemers ’n veilige en gesonde werkplek in stand hou deur omgewings-, veiligheids- en gesondheidsreëls en -praktyke na te volg en ongelukke, beserings en onveilige toerusting, praktyke of omstandighede onmiddellik aan te meld.

Daar word van direkteure en werknemers verwag om hul maatskappyverwante werk op ’n veilige manier, sonder die invloed van alkohol of gereguleerde middels, te verrig. Die gebruik van onwettige dwelms, geweld of dreigende optrede in die werkplek sal nie toegelaat word nie.

Omgewingsbeskerming

Daar word van direkteure en werknemers verwag om toepaslike omgewingswette en -regulasies en die groep se eie beleid vir volhoubare ontwikkeling na te volg.

Media24 erken dat volhoubare ontwikkeling en ekonomiese, maatskaplike en omgewingsbeskerming wêreldwye kwessies is wat tot geleenthede sowel as risiko’s vir sakebedrywighede lei. Die groep het ten doel om homself te posisioneer om sodanige uitdagings die hoof te bied.

Namate die groep sy sakebedrywighede uitbrei, streef hy om by te dra tot die gemeenskappe waarin hy bedrywig is, sy eie mense te ontwikkel, by te dra tot algemene ekonomiese voorspoed, en om sy impak op die omgewing te beperk.

Privaatheid, vertroulikheid en databeskerming

Die groep respekteer die privaatheid van werknemers, klante en diensverskaffers en neem die beskerming van hul persoonlike inligting baie ernstig op. Die groep waardeer die vertroulikheid van werknemers, klante en diensverskaffers se persoonlike gegewens en verkry en bewaar sodanige persoonlike inligting soos benodig vir die groep se effektiewe werking of soos deur die wet op die plekke waar die groep sake doen op 'n wyse wat ooreenstem met Toepaslike Wette op die Beskerming van data.

Alle Media24-afdelings en filiale moet toesien dat hulle die persoonlike inligting van werknemers, klante en diensverskaffers in ooreenstemming met die Toepaslike Wette op Databeskerming hanteer, op 'n wyse wat ooreenstem met die groep se dataprivaatheid en -program, en om verantwoordelike dataprivaatheidspraktyke te implementeer op 'n manier wat aangepas is by sy eie omstandighede.

Hierdie dokument is ’n vertaling van die amptelike Engelse weergawe soos goedgekeur deur die Media24-direksies by die Maart/April 2021-vergaderings.

Finansiële integriteit en groepbates

Akkurate en volledige rekords

Die groep se fondse en bates moet slegs vir wettige korporatiewe doeleindes gebruik word, en direkteure en werknemers moet alle transaksies en gebeure op gepaste wyse, akkuraat en betyds in die rekeningkundige en administratiewe rekords van die groep aandui.

Gebruik van groepbates

Direkteure en werknemers moet die groep se hulpbronne vir sakebedrywighede aanwend en nie vir persoonlike gebruik of gewin nie (behalwe in die geval van toevallige persoonlike gebruik wat beperk word en nie met werkpligte inmeng nie), en, waar dit prakties haalbaar is, maniere vind om voorraad en materiaal te hergebruik en herwin.

Gebruik van elektroniese bronne

Elektroniese bronne wat deur die groep verskaf word, soos e-pos, internet, netwerktoegang en dies meer, moet op verantwoordelike, paslike en etiese wyse gebruik word.

Intellektuele eiendom en vertroulikheid

Die groep skep dikwels waardevolle intellektuele eiendom, soos patente, kopiereg, handelsmerke en diensmerke, en vertroulike sake-inligting soos sakestrategieë en -planne, nuwe produkontwikkelings en dies meer. Hierdie intellektuele eiendom moet teen ongemagtigde gebruik beskerm word. Terwyl hulle by die groep werk en daarna, moet direkteure en werknemers die groep se handelsgeheime, vertroulike dokumente of inligting, tegniese kennis en data, tekeninge, stelsels, metodes, sagteware, prosesse, kliëntlyste, programme, bemarkings- en/of finansiële inligting vertroulik hou en dit nie bekend maak aan enige persoon buiten dié wat in diens van die betrokke groepmaatskappy is en/of gemagtig is en van wie vereis word om vir die doeleindes van hul werk en/of assosiasie met die groep sodanige geheime of inligting te ken nie.

Sake-integriteit
Mededinging en billike handel

Media24 se doel is om sy mededingers billik en eerlik te klop. Ons streef mededingingsvoordele na deur uitnemende prestasie, nie deur onetiese of onwettige sakepraktyke nie.

Mededingingswette (soms ook 'antitrustwetgewing' genoem), onder andere:

- verbied ooreenkomste en verstandhoudings tussen mededingers wat mededinging verminder;
- reguleer die gedrag van dominante maatskappye; en
- vereis vooraf-evaluering en soms goedkeuring van samesmeltings, verkrygings en sekere ander transaksies wat tot minder mededinging kan lei.

Hierdie dokument is 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe soos goedgekeur deur die Media24-direksies by die Maart/April 2021-vergaderings.

Mededingingswette is ingewikkeld en word dikwels verskillend toegepas in verskillende lande en kontekste. In die geval van ’n nuwe kommersiële inisiatief wat implikasies ten opsigte van mededingingswette kan hê, is dit belangrik om vroeg in die proses regsadvies in te win. Voorbeelde van transaksies wat sulke implikasies kan hê, is bondelooreenkomste, eksklusiewe aankope of verkope van produkte of dienste, ooreenkomste wat klante se keuses beperk, en samewerkingsooreenkomste met mededingers.

Geen direkteur of werknemer mag hom/haar aan onwettige prysknoeiery, bodmanipulering, die toewysing van markte of klante, of soortgelyke onwettige teen-mededingende aktiwiteite skuldig maak nie.

Meer inligting oor mededinging en billike handel kan gevind word in Media24 se Mededingingsbeleid, wat van toepassing is op Media24 en sy filiale.

Die steel van handelsinligting, die besit van inligting oor handelsgeheime wat sonder die eienaar se toestemming verkry is, en soortgelyke praktyke, is verbode. Elke direkteur en werknemer moet die regte van die groep se klante, verskaffers, mededingers en werknemers respekteer. Geen direkteur of werknemer mag iemand benadeel deur die misbruik van hul intellektuele eiendom, wanvoorstelling van wesenlike feite, of deur enige ander onwettige handelspraktyk nie.

Botsings van belange

In die reël verwag die groep dat direkteure en werknemers nie, hetsy direk of indirek, buitebelange sal hê of verkry wat die direkteur of werknemer se oordeel en lojaliteit ten opsigte van die groep se belange kan beïnvloed nie. Direkteure en werknemers het verder ’n plig om nie net situasies waarby werklike konflik betrokke is nie, maar ook situasies wat die skyn van botsing tussen persoonlike belange en die belange van die groep toon, te vermy.

Daar moet van die volgende punte ten opsigte van botsing van belange kennis geneem word:

- Direkteure en werknemers moenie met die groep meeding of, sonder die voorafgoedkeuring van die direksie, enige direkte of indirekte belang by verskaffers, klante, mededingers of besigheidsmedewerkers van die groep hê nie. Die enigste toegelate uitsondering op hierdie reël is die hou van hoogstens drie (3) persent van die totale uitgereikte aandelekapitaal van openbare maatskappye wat op ’n aandelebeurs genoteer is.

- Sekere maatskappye in die Naspers-groep is op ’n aandelebeurs genoteer en embargo’s kan van tyd tot tyd deur die groepmaatskappysekretaris op aandeletransaksies geplaas word. In sulke omstandighede mag geen aandele in die betrokke groepmaatskappy/e tydens die embargo-tydperk verhandel word nie.

Hierdie dokument is ’n vertaling van die amptelike Engelse weergawe soos goedgekeur deur die Media24-direksies by die Maart/April 2021-vergaderings.

- Geen direkteur of werknemer, ongeag sy/haar posisie, mag direk of indirek geskenke of enige ander gunste of voordele werf van enige firma of individu wat met enige maatskappy in die groep betrekkinge het, of enigiets buiten gewone sosiale uitnodigings, redelike sakevermaak of redelike artikels soos korporatiewe geskenke wat oor die algemeen as reklame- of promosiemateriaal beskou word, aanvaar nie.

  Direkteure en werknemers mag onder geen omstandighede, hetsy direk of indirek, betaling van enige aard van verskaffers, mededingers of klante aanvaar nie, buiten gewone sosiale uitnodigings, redelike sakevermaak, of redelike artikels soos korporatiewe geskenke wat oor die algemeen as reklame- of promosiemateriaal beskou word.

- Persoonlike gunste of voorkeurbehandeling wat aangebied of gegee word om ’n onbehoorlike voordeel te verkry, mag nie aanvaar word indien dit op grond van die direkteur of werknemer se posisie aangebied word nie, aangesien dit geneig kan wees om sodanige direkteur of werknemer onder ’n verpligting te plaas.

- Direkteure en werknemers mag nie ongeregverdigde voordele aan derde partye op onkoste van Media24 bied nie.

- Direkteure en werknemers mag nie gebruik maak van sakegeleenthede waarop Media24 geregtig is nie – nie vir hul eie reg nie, of vir hul eggenoot, geregistreerde lewensmaat, of 'n ander lewensgenoot, pleegkind, of bloed- of huweliksverwante familielid, tot en met die tweede geslag.

- Direkteure en werknemers moet vry wees van enige invloed, belange of verwantskappe wat hul objektiwiteit en onpartydigheid kan aantas. Direkteure en werknemers se objektiwiteit kan byvoorbeeld onder verdenking gebring word deur:

  - die hou van ’n direkte of indirekte finansiële belang in enige onderneming waarmee die groep sake doen;
  - optrede in ’n fidusiêre hoedanigheid vir sodanige ondernemings; of
  - die verskaffing van lenings aan en aanvaarding van lenings van sodanige ondernemings, buiten aan of van ’n finansiële instelling in die normale gang van sake.

- Verder is enige geskenk of onthaal wat onwettig sou wees of waarvoor persoonlik betaal word om nodige rapportering of goedkeuring te vermy, nie aanvaarbaar nie.

Indien enige direkteur of werknemer rede het om te glo dat sy/haar optrede in teenstryd met hierdie kode kan wees of waar ’n geskenk, voordeel of guns aangebied word en dit nie beskeie is of ongereeld gebeur nie, moet hy/sy die betrokke “kontakpersoon vir die Kode vir Sake-etiek” raadpleeg.

Hierdie dokument is ’n vertaling van die amptelike Engelse weergawe soos goedgekeur deur die Media24-direksies by die Maart/April 2021-vergaderings.

Omkopery en korrupsie

Die groep se direkteure en werknemers skakel dikwels met beamptes van regerings, staatsondernemings en -agentskappe en regulatoriese owerhede. Tydens hierdie skakeling moet ’n direkteur en werknemer seker maak dat die interaksie:

- vir ’n wettige besigheidsdoel plaasvind;
- volgens plaaslike wette en regulasies en hierdie beleid toegelaat word;
- nie bedoel is om die beampte op onbehoorlike wyse te beïnvloed om sy/haar gesag tot die groep se sakevoordeel te gebruik nie; en dat
- enige geskenke aan of onthaal van die beampte met hierdie beleid strook.

Baie lande het teen-korrupsiewette en hierdie wette is dikwels van toepassing selfs al vind die omkopery of korrupsie buite die betrokke land plaas. ’n Oortreding van hierdie wette is ’n ernstige misdryf en kan tot beduidende boetes en/of tronkstraf lei.

Die groep se direkteure, werknemers en agente word vervolgens verbied om enige onwettige betaling of voordeel vir, of van, enigiemand in die regering en/of die privaat sektor aan te bied, te belowe of te gee, of dit te eis of aanvaar ten einde besigheid te verkry, te behou of te kanaliseer, of om enige ander onbehoorlike voordeel in die bedryf van besigheid te verseker. Direkteure en werknemers wat agente of verteenwoordigers van buite (hetsy individue of korporasies) aanstel om wesenlike dienste namens die groep te lewer, moet alle redelike stappe doen om sodanige agente of verteenwoordigers daarvan bewus te maak dat hulle nie enige onwettige betaling of voordeel vir, of van, enigiemand in die privaat sektor en/of die regering mag aanbied, belowe of gee, of dit eis of aanvaar ten einde besigheid vir die groep te verkry, te behou of te kanaliseer, of om enige ander onbehoorlike voordeel in die bedryf van besigheid vir die groep te verseker nie.

Die gee of ontvang van onbehoorlike betalings en voordele moet egter, soos voorheen aangedui, nie verwar word met redelike en beperkte besteding aan geskenke en sakevermaak wat direk met die bevordering van produkte of dienste of die uitvoering van ’n kontrak verband hou nie, mits hierdie optrede binne korporatiewe en sakeriglyne val en in ooreenstemming met Media24 se Beleid teen Omkopery en Korrupsie. Voordat sodanige besteding aangegaan word, moet ’n direkteur of werknemer seker maak dat hy/sy die toepaslike regsvereistes en Media24 se korporatiewe en sakeriglyne begryp.

Binnehandel

Alle Wesenlike Nie-openbare Inligting oor die groep moet hanteer word in ooreenstemming met toepaslike wette, regulasies, aandelebeursreëls asook die groep se beleid, soos van tyd tot tyd bepaal.

Media24-verteenwoordigers wat toegang het tot Wesenlike Nie-openbare Inligting oor die groep, mag nie daardie inligting gebruik of versprei om in Naspers-sekuriteite of Prosus-sekuriteite, of sekuriteite in Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk, of enige ander genoteerde filiaal, gesamentlike onderneming of geassosieerde maatskappy te handel of vir enige ander doel gebruik of versprei nie, behalwe vir die bedryf van die groep se besigheid in ooreenstemming met toepaslike wette, regulasies, aandelebeursreëls asook die groep se beleid, soos van tyd tot tyd bepaal. Die gebruik van Wesenlike Nie-openbare Inligting vir persoonlike finansiële gewin of om ’n wenk te gee aan ander wat ’n beleggingsbesluit op grond van hierdie inligting sou kon neem, is nie net oneties nie, maar ook onwettig.

Bydraes tot politieke partye

Dit staan individuele direkteure en werknemers vry om na hul goeddunke persoonlike bydraes tot politieke partye te maak.

Behalwe soos vooraf deur die direksie van Media24 goedgekeur, is bydraes tot politieke partye (direk of deur vakverenigings) deur die groep verbode. Dit sluit in:

- enige bydraes van groep-/maatskappyfondse of ander bates vir politieke doeleindes;
- aanmoediging van individuele werknemers om enige sodanige bydrae te maak; en
- terugbetaling van ’n werknemer vir enige bydrae.

Monitering, verslagdoening en aanspreeklikheid

Die direksie, bygestaan deur die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee, sal verseker dat die groep se prestasie ten opsigte van etiek geëvalueer, gemonitor, gerapporteer en in ’n etiekverklaring in die geïntegreerde jaarverslag openbaar gemaak word.

Sodanige verklaring sal gegrond word op die verslae wat van interne oudit verkry word en sal daarop gemik wees om aan interne en eksterne belanghebbendes relevante en betroubare inligting oor die gehalte van die groep se prestasie ten opsigte van etiek te verskaf.

Die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee is verantwoordelik vir die toepassing van die kode op spesifieke situasies waarin vrae aan die komitee gestel word. Die komitee moet alle stappe doen wat hy redelikerwys toepaslik ag om enige oortredings te ondersoek wat aan hom gerapporteer word. Indien ’n oortreding plaasgevind het, sal die betrokke groepmaatskappy sodanige dissiplinêre of voorkomende stappe doen as wat hy toepaslik ag, na oorlegpleging met die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee (in die geval van ’n direkteur of ’n uitvoerende beampte), of ingevolge die bestuurstruktuur van die werknemer se bedryfsmaatskappy (in die geval van enige ander werknemer).

Direkteure en werknemers mag nie weerwraak neem teen enige ander direkteur of werknemer vir aanmeldings van potensiële oortredings wat te goeder trou gedoen word nie.

Hierdie dokument is ’n vertaling van die amptelike Engelse weergawe soos goedgekeur deur die Media24-direksies by die Maart/April 2021-vergaderings.

Enige vrae oor hoe hierdie kode vertolk of toegepas moet word, moet aan die betrokke “kontakpersoon vir die Kode vir Sake-etiek” gerig word. ’n Direkteur of werknemer wat nie seker is of ’n situasie hierdie kode oortree nie, moet die saak met sy/haar “kontakpersoon vir die Kode vir Sake-etiek” bespreek om moontlike misverstande en verleentheid op ’n later stadium te voorkom.

Waar toepaslik, byvoorbeeld wanneer bedrog gepleeg word, sal die ouditkomitee oor die ondersoek toesig hou.

Die volgende prosedures sal gevolg word wanneer ’n ondersoek ingevolge hierdie kode gedoen en dit toegepas en daaroor verslag gedoen word:

- die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee/die bestuurstruktuur van die werknemer se bedryfsmaatskappy sal stappe doen om enige oortredings te ondersoek wat aangemeld word;

- oortredings en potensiële oortredings sal, na toepaslike ondersoek, deur die “kontakpersoon vir die Kode vir Sake-etiek” aan die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee gerapporteer word (in die geval van ’n oortreding deur ’n direkteur of uitvoerende beampte), of ingevolge die bestuurstruktuur van die werknemer se bedryfsmaatskappy (in die geval van enige ander werknemer); en

- indien die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee/die bestuurstruktuur van die werknemer se bedryfsmaatskappy bepaal dat ’n oortreding plaasgevind het, sal hy die direksie in kennis stel (in die geval van ’n oortreding deur ’n direkteur of ’n uitvoerende beampte), of toepaslike stappe doen ingevolge die maatskappy se dissiplinêre kode (in die geval van ’n oortreding deur enige ander werknemer).

Indien die direksie in kennis gestel word dat ’n oortreding plaasgevind het, sal hy sodanige dissiplinêre of voorkomende stappe doen as wat hy toepaslik ag, tot met en insluitend afdanking of, in die geval van kriminele of ander ernstige oortredings van enige wetgewing, kennisgewing aan die toepaslike staatsinstellings.

Omskrywings

Die volgende terme/begrippe wat in hierdie kode gebruik word, het die betekenisse wat hieronder aan hulle toegeken word.

Term/Begrip	Betekenis
“Toepaslike Wette op Databeskerming”	Enige wetgewing wat die fundamentele regte en vryhede van individue beskerm ten opsigte van hul reg op privaatheid met betrekking tot die verwerking van persoonlike inligting, van toepassing op 'n entiteit in die land waarin sodanige entiteit gevestig is/sake doen.
“Wesenlike Nie-openbare Inligting”	"Prys-sensitiewe inligting" of "binnekennis", wat nie versprei is op ’n wyse wat dit algemeen aan die publiek beskikbaar stel nie. [Sien Aanhangsel A vir omskrywings van sulke inligting volgens sekere wette en aandelebeursreëls.] Enige twyfel oor of inligting wesenlike nie-openbare inligting uitmaak, moet onverwyld na die maatskappysekretaris verwys word.
"Media24-verteenwoordiger"	Direkteure, direkteure van filiale, uitvoerende bestuur, personeellede en Media24-kontrakteurs en -konsultante wat in besit is van Wesenlike Nie-openbare Inligting of wat aan Wesenlike Nie-openbare Inligting blootgestel kan wees op grond van hul onderskeie posisies met betrekking tot Media24 en sy filiale.
“Naspers-sekuriteite”	Enige sekuriteite, soos omskryf in die Wet op Finansiële Markte, Nr 19 van 2012 (soos gewysig), uitgereik deur Naspers en genoteer op enige gereguleerde mark, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, aandele, depositobewyse, effekte, skuldbriewe, spesialis-sekuriteite, opsies op aandele, afgeleide instrumente, notas of eenhede en regte daartoe, opsies op opgawes van inligting soos uitgereik deur ’n sekuriteitebeurs oor pryse van enige van voormelde instrumente, asook enige ander instrumente wat deur die Registrateur van Sekuriteitedienste verklaar word.
"eerstehandse inligting” (Artikel 7 MAR (markmisbruik-regulasie))	Vir die doeleindes van die MAR, sluit eerstehandse inligting, inligting in van 'n presiese aard wat nie openbaar gemaak is nie, wat direk of indirek verband hou met Prosus N.V. of met een of meer finansiële instrumente van Prosus N.V., en wat, indien dit openbaar gemaak sou word, waarskynlik 'n beduidende uitwerking op die pryse van daardie finansiële instrumente of op die prys van verwante afgeleide finansiële instrumente sou hê.

Term/Begrip	Betekenis
“MAR”	Regulasie (EU) Nr 596/2014 van die Europese parlement en die raad van 16 April 2014 oor markmisbruik, sowel as die gedelegeerde wette, implementering van wette, regulatoriese tegniese standaarde, implementering van tegniese standaarde en riglyne wat daarvolgens goedgekeur is.
“Prosus-sekuriteite”	Enige sekuriteite wat deur Prosus uitgereik is en op enige gereguleerde mark genoteer is, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, aandele, bewaarbewyse, effekte, skuldbriewe, spesialiseffekte, opsies op aandele, afgeleide instrumente, promesse of eenhede en regte daartoe, opsies op indekse van inligting soos uitgereik deur 'n sekuriteitebeurs op pryse van enige van die bogenoemde instrumente.

Aanhangsel A

Extracts from applicable statutes and stock exchange rules

The Financial Markets Act, 19 of 2012 (as amended) (the FMA)

This FMA does not define price sensitive information, but it defines:

“inside information” as "specific or precise information, which has not been made public and which:
(a) is obtained or learned as an insider; and
(b) if it were made public, would be likely to have a material effect on the price or value of any security listed on a regulated market";

"insider" as "a person who has inside information-
- a) through:
  - i) being a director, employee or shareholder of an issuer of securities listed on a regulated market to which the inside information relates; or
  - ii) having access to such information by virtue of employment, office or profession; or
- b) where such person knows that the direct or indirect source of the information was a person contemplated in paragraph (a)"; and

"regulated market" as "any market, domestic or foreign, which is regulated in terms of the laws of the country in which the market conducts business as a market for dealing in securities listed on that market".

Hierdie dokument is ’n vertaling van die amptelike Engelse weergawe soos goedgekeur deur die Media24-direksies by die Maart/April 2021-vergaderings.

The Listings Requirements (Listings Requirements) issued by the JSE Limited (JSE)

This Listings Requirements define “Price sensitive information” as "unpublished information that is specific or precise, which if it were made public, would have a material effect on the price of the issuer’s securities".

While the Listings Requirements define the term "material", the JSE has advised that when dealing with the interpretation of the definition of “price sensitive information”, the standalone definition of “material” must not be applied, and issuers, directors and sponsors must instead focus on the interpretation of the concepts "specific and precise", and "material effect". In determining whether or not information would be likely to be price sensitive information, directors should be mindful that there is no firm figure (percentage change or otherwise) that can be set for any issuer when determining what constitutes price sensitive information, as this will vary from issuer to issuer taking into account a variety of factors (eg the size of the issuer, recent developments, market sentiment about the issuer, the sector in which it operates, prevailing market conditions, price of the listed securities, general liquidity and shareholder base). From a Listings Requirements perspective, consideration must thus be given to whether or not the information could influence the economic decisions of investors in respect of the issuer’s securities.

Paragraph 3.6 of the Listings Requirements states that issuers that deem it necessary to provide information, prior to releasing same on the Stock Exchange News Service of the JSE (SENS), must ensure that in doing so they do not commit an offence in terms of the FMA and in particular section 78(4).

Section 78(4) of the FMA provides that:
(a) an insider who knows that he or she has inside information and who discloses the inside information to another person commits an offence;
(b) an insider is, despite paragraph (a), not guilty of an offence contemplated in that paragraph if such insider proves on a balance of probabilities that he or she disclosed the inside information because it was necessary to do so for the purpose of the proper performance of the functions of his or her employment, office or profession in circumstances unrelated to dealing in any security listed on a regulated market and that he or she at the same time disclosed that the information was inside information.

Further guidance in this regard is set out in, among others, the JSE Guidance Letter: Discussions with Journalists and Investment Analysts and JSE Guidance Letter: Cautionary Announcements.

Disclosure Rules and Transparency Rules (DTR) issued by the United Kingdom Listing Authority (UKLA)

The DTR provides that in determining the likely price significance of the information an issuer should assess whether the information in question would be likely to be used by a reasonable investor as part of the basis of his investment decisions and would therefore be likely to have a significant effect on the price of the issuer's financial instruments (the reasonable investor test).

In determining whether information would be likely to have a significant effect on the price of financial instruments, an issuer should be mindful that there is no figure (percentage change or otherwise) that can be set for any issuer when determining what constitutes a significant effect on the price of the financial instruments as this will vary from issuer to issuer.

The reasonable investor test requires an issuer:
(1) to take into account that the significance of the information in question will vary widely from issuer to issuer, depending on a variety of factors such as the issuer's size, recent developments and the market sentiment about the issuer and the sector in which it operates; and
(2) to assume that a reasonable investor will make investment decisions relating to the relevant financial instrument to maximise his economic self-interest.

Further guidance in this regard is set out in, among others, the UKLA Technical Note: Assessing and Handling Inside Information.